NG Kerk | Vennote in Getuienis
Vrystaat

Vennote in Getuienis – 'n nuwe benadering

1. Wie is Vennote in Getuienis (Partners in Mission)?

Vennote in Getuienis is meer as net 'n nuwe naam vir die ou Sinodale Getuieniskommissie. As "bediening" van die sinode wil Vennote in Getuienis graag op 'n nuwe, dinamiese en meer effektiewe manier funksioneer, met nuwe fokusse en doelwitte. Bestaande sinodale werksaamhede moet uitgebou word, maar ons wil gemeentes graag ook help in hulle roeping om effektiewe "vennote in getuienis", in eie konteks en verder weg, te wees. Vennote in Getuienis wil in die eerste plek 'n vennoot van gemeentes en ringe wees.

2. Wat wil ons graag bereik?

Ons wil mekaar help om weg te beweeg

- van 'n klem op instandhouding en oorlewing;
- van 'n fokus net op die bediening aan lidmate;
- van 'n ou "sending-era" wat dikwels gekenmerk is deur instandhouding van finansiële afhanklikheid, onbetrokkenheid, stukkende verhoudinge en vooroordeel;
- van 'n gevoel dat ons eintlik maar min impak op ons gemeenskappe maak;
- en nie meer die vreugde van groei ervaar nie;
- na 'n identiteit en roeping wat gekenmerk word deur ons gestuur-wees in God se sending na die wêreld (missionale gemeente-wees)



Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 502 0811 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321

Daarom wil ons mekaar help om

- weer nuwe moed, vreugde en hoop in die bediening te ervaar;
- te weet dat ons besig is met waartoe God ons werklik geroep het – God se agenda vir sy kerk, te getuig van God se sending in die wêreld;
- te ervaar dat ons regtig 'n verskil in ons gemeenskappe maak;
- te beleef hoe verhoudinge – ook tussen rasse - weer herstel word;
- dat ons in verwondering saam met al die gelowiges sal ontdek hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek ... die liefde wat ons verstand te bowe gaan (Efesiërs 3:18-19);
- daarvan te getuig, met nederige vrymoedigheid.

3. Hoe wil ons dit bereik?

Vennote in Getuienis wil graag 'n proses aan die gang help sit waar ons as ringe, gemeentes, leraars en ander vennote op 'n nuwe manier saam luister en dink oor:

- Ons **identiteit en roeping** as gestuurde kerk (op grond van 'n herontdekking van die missio-Dei en 'n missionale lees van die Skrif);
- die **veranderende konteks** waarbinne ons geroep word;
- dit waartoe God ons vandag roep – 'n nuwe manier van gemeente-wees sowel as sinvolle **projekte en programme van praktiese diens en getuienis**;
- en hoe ons **as vennote saam** aan hierdie roeping gehoorsaam kan wees.

4. Proses van saam-luister

Ons wil graag 'n proses aan die gang help sit, saam op 'n reis gaan, 'n reis waarin ons as gemeentes en ringe luister en ontdek wie ons is, waar en hoe en waartoe die Here ons roep, en hoe Hy ons saam met ander reisgenote roep. Ons wil veral ook saam met leraars luister, met leiers handevat, hulle hande help sterk maak. Dit gaan dus nie om die voorskryf van 'n vasgestelde, pasklaar program of projek, 'n resep wat van buite af op 'n gemeentes afgelaai word nie. Vennote in Getuienis wil eintlik net die proses aan die gang help sit.

Wanneer mense saam op reis gaan, en saam luister, dan verander die reisgenote, ontdek hulle saam hoe die Woord en Gees van hulle besit neem en die roete en mikpunt van die reis bepaal. Dis die avontuur van die reis!

5. Waaroor behoort die luisterende gesprek te gaan?

5.1 Identiteit en roeping

Heel eerste gaan dit om 'n nuwe ontdekking van ons identiteit en wesenlike roeping as kerk. Wat is ons diepste identiteit as gemeente? Waar pas ons in God se groot plan, sy sending na die wêreld? Die vraag na ons identiteit en roeping begin waar ons God Drie-enig weer nuut leer ken in die Woord, opnuut ontdek wie en hoe Hy is, wat Hy doen en wat sy plan met die kerk en die wêreld is. Dit gebeur waar ons saam deur die Woord wandel en by 'n aantal sleuteltekste, wat die hele struktuur van die Woord dra, stilstaan.

Hierin gaan dit oor die hele verhaal van die "sendende God' en die "sending van God" ... en die ontdekking hoe ons eie en ons gemeente se verhaal daarvan deel is.

> Die verhaal begin by God wat skep en daarom aanspraak het op die lof en aanbidding deur alles en almal wat Hy geskep het – ten spyte van die sonde; dit gaan oor die aard van die Drie-enige God wat uitreik, liefhet, barmhartig en genadig is, nie wil hê dat iemand verlore gaan nie, graag die verhoudinge met almal wil herstel; dit gaan oor die verbondsbelofte dat alle nasies deur Abraham en sy kinders geseën en erfgename van die Messiaanse ryk (die omvattende sjaloom) sal word; dit gaan oor hoe God sy volk Israel, al die priesters, profete en konings van die Ou Testament, roep en stuur in sy plan met die wêreld; hoe in die Nuwe Testament die Seun gestuur word - omdat God die kosmos so liefhet - en hoe God die nuwe wêreld (koninkryk) deur sy Seun Jesus Christus se kruis en opstanding en verheerliking tot hoof van die kerk en kosmos, laat aanbreek; hoe Hy sy kerk versamel en met hierdie goeie nuus die wêreld in stuur; hoe die Gees uitgestort word om die kerk in haar gestuur-wees te bemagtig en deur die Woord te begelei; en hoe ons met hoop kan lewe en getuig, omdat alles afstuur op die finale herstel van die skepping ("Kyk ek maak alles nuut!"), sodat mense uit alle tale en nasies saam sal buig en sing voor die Troon, en die nuwe hemel en aarde sal beërwe.

Die Skrif vertel dat dit alles God se sending is, Hy doen dit. Ons roeping is net om daarvan te getuig. In so 'n missionale luisterproses na die groot verhaal in die Skrif, en die kleiner verhale waaruit dit bestaan, gebeur dit dan dat ons ontdek hoe die gemeente se eie verhaal in die groter verhaal inpas, en dit dan die karakter van ons kerk-wees, ons gemeente en ons bediening verander, met 'n nuwe verstaan van ons eintlike roeping as kerk. In 'n egte luisterproses gebeur dit dat ons nie meer besig is met die Woord nie, maar hoe die Woord met ons besig raak...

5.2 'n Verstaan van ons veranderende konteks

Dat ons in vinnig veranderende kontekste geroep word, besef ons terdeë. Maar verstaan ons regtig die veranderinge? *"Cope"* ons daarmee? Hoe raak dit elke gemeente se plaaslike konteks? Watter uitdagings is daar vir die kerk? Wat is byvoorbeeld die unieke uitdagings wat 'n plattelandse gemeenskap aan die kerk stel? Watter aanpassings in ons benadering en metodes van bediening is nodig? Hoe maak ons juis in ons eie konteks 'n verskil? Watter prioriteite en fokusse is nodig? Om ons veranderende konteks reg te verstaan, is dit nodig om fyn te luister, na mekaar, na mense in ander kerke, na mense buite die kerk, na die media, na kundiges en selfs ook na mense wat ons uitdaag. Ons moet saam met ander luister, buite ons gemaksones, oor die grense heen en veral op strategiese plekke in ons gemeenskappe. Dit is immers waartoe die inkarnasie van die evangelie ons dring. Ons moenie te gou met ons eie, vooropgestelde agendas na ons gemeenskappe probeer gaan nie.

Luister beteken nie net 'n hoor van die noodkrete nie, maar veral ook 'n ontdekking van die mooie en waardevolle wat reeds aan die gebeur is, die verhale van hoop waar God reeds deur mense werk, soms op verrassende, onverwagte plekke en maniere, sodat ons daarby kan aansluit en daarop kan voortbou. Juis daarom moet ons ons verhale met mekaar deel en by mekaar leer. In die betrokkenheid by ons gemeenskapsbediening moet ons dus wegstuur van 'n 'nood-gebaseerde benadering' (wat kan ons vir mense gee of na hulle aandra?) na 'n 'bate-gebaseerde benadering' (hoe kan ons die gawes, talente, bates en die goeie waarmee mense reeds besig is, ontdek en daarby aansluit en dit ondersteun?).

Met hierdie saam-oor-die-grense-luister, ook binne ons NG Kerkfamilie, wil Vennote in Getuienis graag vir gemeentes help. Die Suid Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG), wat gemeentes help om in groepe saam te luister, is hierin 'n gewaardeerde vennoot. Daar is reeds ook baie literatuur oor missionale of gestuurde gemeentes beskikbaar.

5.3 'n Nuwe verstaan van ons praktiese diens en getuienis

In die lig van ons identiteit as gestuurde gemeentes en 'n nuwe verstaan van ons konteks, kan gemeentes dan nuut dink oor waartoe die Here ons in ons spesifieke konteks en met ons spesifieke gawes roep. Diens en getuienis, as omvattende Woordbediening, word ruim begrippe, waarin ons deur woord en daad, deur gemeenskap en aanbidding, en deur publieke getuienis waarin versoening, geregtigheid en eenheid gesoek word, getuig. Daartoe word die hele kerk, in al haar gestaltes van gemeentes, ringe, lidmate, bedieninge, die kerkverband en die ekumene geroep. Ons doen dit spontaan en doelbewus, deur leraars en sendelinge, maar veral ook waar elke lidmaat geroep en bemagtig word om as priester, profeet en koning te getuig.

Praktiese uitdagings waaroor ons saam kan besin, is die volgende:

- Hoe lyk 'n evangeliserende gemeente, wat mense aantrek en laat behoort? Veral ook in 'n toenemend sekulêre samelewing?
- Hoe plant ons nuwe geloofsgemeenskappe of kerke?
- Hoe maak ons met kulturele-, taal- en ander diversiteit?
- Hoe kan ons saam met ander 'n effektiewe profetiese en openbare getuienis lewer, oor allerlei maatskaplike kwessies soos geweld, korrupsie, geregtigheid, versoening, geloof en wetenskap, gesinswaardes, die ekologie, ens?
- Hoe raak ons sinvol betrokke by diakonaat, by gemeenskapsbediening, by die nood van mense?
- Hoe ondersteun ons sendelinge en gaan ons op 'n uitreik?
- Hoe bou ons verhoudinge en tree in gesprek met mense van ander godsdienste?
- Hoe kan ons leiers help toerus en bemagtig? (Nehemia Bible Instituut en Veritas as vennote).
- Watter hulpmiddele, soos literatuur en media, kan ons gebruik? Hoe?

Hierdie praktyk van diens en getuienis behels 'n groot verskeidenheid van werksaamhede, opwindende nuwe moontlikhede, arbeidsvelde, projekte, programme, ens. Ons het veel om by mekaar en ander te leer. Ook hiermee wil Vennote in Getuienis gemeentes graag ondersteun en as 'n bron van inligting dien.

5.4 Ons is 'vennote in getuienis'

In hierdie hele proses kan ons nie meer net op ons eie voortgaan nie. Ons het gewoon vennote of medewerkers nodig. Ons moet saam met mekaar en ander na die Skrif luister. Ons moet saam met ander ontdek hoe ons konteks aan die verander is. Ons moet saam met ander praktiese projekte en programme beplan en uitvoer. Ons is saam geroep. Dit kan nie anders nie!

Vennootskappe kan gebou word binne gemeentes, tussen gemeentes van die NG Kerkfamilie, met ander kerkgenootskappe in ons dorp of stad, met ander sendinginstansies, met nie-regerings- of owerheidsinstansies, maar dit gebeur ook binne ring- of sinodale verband, tussen susterkerke, ens.

Vennootskappe is meer as net ’n netwerk van samewerkende partye. Dit is meer as blote samewerking. In ’n vennootskap word blywende verhoudinge beoog – dit word selfs op skrif gestel, in ’n ooreenkoms:

- Dit fokus in die eerste plek op die verhouding as sodanig en dan op die projekte waarin ons saam werk;
- dit respekteer die vennote se selfstandigheid;
- dit werk met konsensusbesluite en die inspraak van beide partye;
- dit beweeg doelbewus weg van voorskriftelikheid en afhanklikheid na bemagtiging;
- dit gaan oor wedersydse ondersteuning;
- dit word gebou op waardes soos respek, deursigtigheid, verantwoordbaarheid, onderlinge vertroue, ’n gesamentlike roeping, ens.

Vennootskappe wil doelbewus wegbeweeg van die ou sending-era van “moeder” en “dogterkerke” wat so gekenmerk is deur afhanklikheid, voorskriftelikheid, die gee van geld en die gevolglike spanning; dit wil op ’n nuwe manier hande vat met ons susterkerke in ons gesamentlike roeping tot diens en getuienis in ons konteks. Vennootskappe is ’n doelbewuste stap op die pad na groter sigbare eenheid.

Vennote in Getuienis wil gemeentes en ringe graag help om nuwe, volhoubare en verrykende vennootskappe te vorm en sinvol by projekte en programme betrokke te raak. Vennote in Getuienis wil hierin graag self ook ’n vennoot wees.

6. Hoe kan ons saam met mekaar op reis gaan?

- Vennote in Getuienis versoek dat daar oor hierdie nuwe benadering by ringswerkswinkels of gemeentes se strategiese beplanningsgeleenthede gesprek gevoer word. Ons wil graag deel van die gesprek wees.
- Ringe of gemeentes kan lede van die Raad vir Vennote in Getuienis nader om hierdie proses verder te kom verduidelik of selfs te help begelei – ons wil saam reis. Ons doen dit graag! Op sinodale koste!
- Ons wil graag verdere materiaal vir hierdie reis aan gemeentes verskaf.
- Ons sal baie graag terugvoer van gemeentes oor vordering met die proses wil ontvang.
- Deur middel van nuusbriewe, sosiale media, deurgee van inligting, werkswinkels, ens. kommunikeer ons graag hieroor met gemeentes. Hou ons nuusbriewe, webwerf en Facebook-blad dop!
- Ons sal graag ’n rol bly speel om al die gemeentes van die NG Kerkfamilie in die proses te betrek.

Gideon van der Watt
Nms Vennote in Getuienis
Maart 2014